VRAE VIR GROEPLEDE: So 31 Jan, So 7 Febr, So 14 Febr en So 21 Febr 2010)

Lees 2 Tim 3:10-4:5: Mense van die Skrif (So 31 Jan)

Agtergrond oor tema Skrifgedeelte

- Die woord "dissipelskap" dui eerstens op "volg" of "navolging". Dit is nie net 'n woord wat in terme van Christus en Christenskap gebruik word nie. 'n Mens kan ook 'n dissipel van 'n enige persoon of van 'n spesifieke lewensfilosofie wees, bv Mahatma Gandhi of selfs Karl Marx. In die Christelike konteks beteken dit eerstens om 'n navolger van Jesus Christus te wees.
- 3:12: Ons moet eerstens verstaan dat Paulus vir Timoteus wou bemoedig, omdat in sy tyd baie Christene vervolg is. Dit was 'n voldwonge feit – 'n Christen het fisies gely vir sy geloof. Ons moet egter ook vandag weet dat dit nie altyd maklik sal wees om 'n dissipel van Christus te wees nie. Ons kan verskillende vorme van lyding verwag: fisies, emosioneel, opoffering, ens. Ons sal deel in Christus se lyding op aarde, maar ook die moed en krag kry om die lyding te deurstaan. (Joh 16:33). In die tyd van die Bybel was daar ook dwaalleraars of valse profete wat voorspel het dat gelowiges geen lyding sou ervaar nie.
- 3:16a: Paulus verwys na die hele Skrif, maar hy het nog nie die Bybel geken soos ons dit vandag ken nie. Daar was slegs die OT en sekere dele van die NT beskikbaar. Vir hom was dit egter die hele skrif wat beskikbaar was. Mense verstaan ook die woorde "deur God geïnspireer" verskillend. Ons moet besef dat God deur sy Gees onvolmaakte mense gebruik het om die Woord in Hebreeus en Grieks neer te skryf en dat God se Gees ook onvolmaakte mense help om die woord te vertaal, te lees en te interpreteer. Die hele proses word in nederigheid en afhanklikheid van die Heilige Gees gedoen. Die Bybel *is* die Woord van God en *word* ook die Woord van God as ons dit uitleef. Die gesag van die Bybel lê nie eerstens by sy woorde nie, maar by God self. Die Bybel is 'n geïnspireerde en inspirerende boek.
- 3:16b-17: Daar is verskillende dinge wat in verse 16-17 genoem word oor die waarde van die Skrif: onderrig ons in die waarheid; help ons om dwaling te bestry; help ons om verkeerde dinge reg te stel. En dan eindig vers 16 en 17 op 'n hoogtepunt. Die doel van die Bybel is nie slegs om ons te help om slimmer te wees en 'n paar dinge oor die Bybel te weet nie. Nee, die doel van die Bybel is om ons te help om 'n regte lewenswyse te kweek sodat ons as dissipels van die Here kan leef. In Engels kan ons praat van *"information and transformation."*

Moontlike vrae

- Sien vraag by (A). Dalk gebruik jy een van die Bybelstudiemetodes wat in die stukke verduidelik word.
- Watter gedagtes kom by jou op as jy die woord "dissipel" hoor?
- Hoe moet ons die woorde van 3:12 verstaan. Beteken dit dat alle dissipels van Jesus vervolg sal word?
- Wat is die doel of groot waarde van die Bybel volgens 3:16-17?
- Bespreek die volgende stelling: "Die doel van die Bybel is nie net informasie nie, maar ook transformasie"
- 2 Tim 4:2 praat van die woord verkondig "tydig en ontydig". Is dit waar?
- Wat sou jy wou hê moet mense aan die einde van die jou leeftyd oor jou sê? (vgl 4:7-8)
- Kan 'n mens 'n dissipel wees as jy nie die Woord van God bestudeer nie?

Bybelstudiemetodes

Drie-vraag metode

- Wat sê die gedeelte oor God?
- Wat sê die gedeelte oor ons as mense?
- Wat wil God hê moet ons nou gaan doen?

Metode ontwikkel deur SAVGG (Suider-Afrikaanse Genootskap vir Gestuurde Gemeentes)

- Evalueer (was daar enige verskil in jou lewe omdat God deur sy Woord met jou verlede week gepraat het)
- Lees die Woord (selfs meer as een keer)
- Wandel in die Woord (hoor wat God deur sy Heilige Gees vir jou persoonlik sê)
- Luister na mekaar (gaan sit by een persoon en vra wat God vir hom/haar gesê het)
- Deel die Woord (deel eerstens met die groep wat jy van die *ander* persoon gehoor het)
- Bid die Woord (bid dit wat julle as groep by God gehoor het)
- Doen die Woord (as God se Woord 'n mens aangespreek het, sal jy dit gaan doen)

Lectio Divina

'n Manier van Bybellees wat eeue gelede in die vroeë kerk ontstaan het en wat ons by die Meditatiewe dienste gebruik. Die volgende vier stappe of bewegings word gewoonlik gevolg aan die hand van die Latynse woorde:

- Lectio (lees): Wat staan in die Skrifgedeelte? Lees dit met ontsag deur.
- Meditatio (mediteer): Wat beteken dit? Dink rustig na oor die betekenis van die Skrifgedeelte vir jouself en God se plan vir jou en die wêreld rondom jou.
- Oratio (gebed): Hoe reageer ek hieroor teenoor God? Vertel in gebed vir die Here wat jy by Hom gehoor het.
- Contemplatio (oordenking): Ontvanklikheid – wag op die Here vir dit wat Hy vir jou wil sê.

Lees Hand 26:1-32 (veral 15-18): God roep ons om 'n lewende verhouding met Christus te hê en gesprekke oor God met ander te voer (So 7 Febr)

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Chris van Wyk skryf die volgende wat ons met die reeks kan help: "Die grootste verskil wat die evangelie maak, lê nie in wat IN mense gebeur nie, maar wat TUSSEN mense gebeur.Verhoudings tussen mense is die plek waar ware gemeenskap gebeur. Dit is ook waar van die Drie-enige God self. Hy is in 'n intieme verhouding met Homself, Vader, Seun en Gees. God vra dit dus nie net van ons nie. Hy is in verhouding met Homself. Om grense oor te steek: kultureel, eties, generasies, etnies, sosiaal, ekonomies, gender en noem maar self verder op, was en sal altyd die lewensbloed van die geloof in Christus bly. Telkens as die invloed van Christus ingekrimp het, bv. in die eerste gemeente van Jerusalem na die eerste vervolging, het daar lewe van die randte gekom, gewoonlik waar 'n kulturele grens oorgesteek is, soos ons bv. lees met die ontstaan van die gemeente in Antiochië, weens die getuienis van onbekende Joodse gelowiges van Ciprus en Griekeland (Hand 11:19-20)."
- Die hele reeks handel oor verskillende grense wat oorgesteek moet word. Die eerste een wat die "grens" oorsteek is God wat sy Seun Jesus Christus van die hemel na die aarde/mensdom gestuur het sodat ons gered kan word.
- Paulus se bekering word op drie plekke in die boek Handelinge beskryf: Hand 9:1-18; 22:6-16; 26:12-18.
- Vers 14b: Die letterlike vertaling van die Grieks is "Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop" (vgl 1933/53 AV). Die beeld verwys na die onwillige os wat nie die ploeg wil trek nie en skop teen die stok met die skerp punt waarmee die boer hom wil aanja.
- Vers 15: Hier word die naam Saul/us gebruik. Die naam Saulus het hy in sy Joodse ouerhuis ontvang. Soos baie van sy volksgenote het hy ter wille van sy Griekse omgewing ook 'n tweede naam van kleins af gehad, naamlik Paulus.
- Vers 16: Paulus word beveel om op te staan, dit wil sê hy moet nie bang wees nie. Hy het die gesig/visioen van die opgestane en verhoogde Christus gesien en daar word ook verwys na toekomstige gesigte wat hy sou sien (vgl 18:9ev; 22:17-21; 23:11; 2 Kor 12:1-4, 7). Paulus moes nie die getuie wees van sy eie ervarings nie, maar van dit wat Christus aan hom bekend gemaak het.

Moontlike vrae

- Dink na oor die woorde van Chris van Wyk: "Die grootste verskil wat die evangelie maak, lê nie in wat IN mense gebeur nie, maar wat TUSSEN mense gebeur."
- Hoekom is dit vir ons so moeilik om grense oor te steek? Dink na oor een van die volgende moontlikhede:
    - Omdat ons veilig voel met die bekende.
    - Omdat ons nie werklik vir God vertrou nie.
    - Omdat ons so in ons ouerhuise geleer word.
    - Omdat ons ongehoorsaam is aan die Woord van God.
- Bespreek die volgende stelling: " 'n Mens kan opreg baie godsdienstig wees en nog steeds 100% verlore wees"
- Die eerste grens wat ons moet oorsteek is die grens tussen my en Jesus. Hoekom is dit vir sommige mense moeilik om Jesus as Verlosser aan te neem?
- Wat beteken dit vir jou om 'n kind van die Here te wees? (vgl v 18)
- Vers 29 vertel iets van Paulus se wens. Is dit ook jou wens?
- Wat kan ons leer uit die bekering van Paulus? Wat kan ons leer by dit wat hy na sy bekering gedoen het?

Lees Hand 16:1-15: God roep ons oor grense heen na die onbereiktes (So 14 Febr)

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Die volgende statistieke oor godsdienste word deur David Barret (ed) van *World Christian Encyclopedia* gegee: Christendom (2 039 miljoen en 32% van wêreldbevolking); Islam (19%); Hindoeïsme (13%); Boedhisme (6%); Geen godsdiens (12%); Tradisionele godsdienste (3%); Ateïsme (2%); Jodendom (1%).
- Die woord "onbereikte groepe" verwys na taal/kultuurgroepe (nié lande nie) in die wêreld wat nog glad nie met die evangelie van Jesus Christus bereik is nie. Dit wil sê mense wat nog nie eers een keer die evangelie gehoor het nie of waar daar nie eers 'n kerk is nie. Daar is tans 16 352 groepe in die wêreld waarvan 6 650 nog steeds as "onbereik" geklassifiseer word – 2 750 miljoen mense in totaal.
- Net 'n paar opmerkings oor die geografiese detail in Hand 16: Frigië en Galasië is twee streke in Klein-Asië (huidige Turkye); Masedonië is 'n provinsie in huidige Griekeland met Filippi een van sy belangrikste stede; Troas is 'n bekende hawestad in streek Misië (Turkye); Tiatira was belangrike handelstad (vandag Turkye). Dit is hartseer om te besef dat die Turkye vandag 99,8 % Moslem is.
- Vers 3: Timoteus se ma was 'n Jood en sy pa 'n Griek. Hy was dus nie volgens die Jode 'n egte Jood nie en het in dieselfde kategorie as die Samaritane geval. Paulus het hom gevra om "ter wille van die evangelie aan die Jode" homself te laat besny.
- Verse 6-7: Hier word verwys na die Gees wat Paulus twee keer verhinder het om die evangelie te verkondig. Op watter wyse dit gebeur het, weet ons nie. Dit kon gebeur het deur 'n droom of visioen (vgl v 9); óf deur 'n

profetiese uitspraak van een van die reisgeselskap (vgl 20:23; 21:4, 11); óf deur praktiese probleme wat dit vir hulle onmoontlik gemaak het.

- Verse 14-15: Lidia was die eerste bekeerling in Europa (al het sy oorspronklik van Tiatira gekom). Dit is ook insiggewend dat sy ’n vrou was. Hierdie teksgedeelte is een van die gedeeltes waar daar sprake is van gesinne wat gedoop is (vgl ook Hand 11:14; 16:31-33; 18:8; 1 Kor 1:16).

Moontlike vrae

- Wat word bedoel met die woord “onbereikte groepe”?
- Hoekom is Christelike kerke so besorg oor die onbereiktes? (vgl Hand 1:8)
- Timoteus het hom laat besny ter wille van die verkondiging van die evangelie aan die Jode (v 3). Is daar iets wat jy al moes doen of opoffer ter wille van die evangelie?
- Hoekom dink jy het die Gees van die Here vir Paulus-hulle verhinder? (vv 6-7)
- In vers 10 word verwys na die oortuiging wat Paulus-hulle beleef het. Op watter maniere oortuig die Heilige Gees ons?
- Hoe sal jy iemand antwoord wat die volgende sê: “Daar is so baie nood hier naby ons. Hoekom moet ons dan so ver uitreik?”
- Nie almal van ons kan sendelinge of projekleiers wees nie. Op watter manier kan ons as gewone lidmate ’n bydrae lewer ten opsigte van die onbereiktes?
- Dink na oor die volgende stelling in die lig van vers 14b: “Ons *getuig*, maar dit is God wat *oortuig*.”

<u>Lees Hand 10:1-48 (veral 34-43): God roep ons na mense wat anders is (So 21 Febr)</u>

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Handelinge 10 getuig van ’n skuif van die evangelie na heidene, nie-Joodse mense. En dit is insiggewend dat die Here vir Petrus die geestelike leier van die kerk in Jerusalem kies om die eerste treë op hierdie pad te gee.
- Die groei van die Christelike kerk het voortdurend na nuwe “grense” geskuif: vanaf Jerusalem na Klein Asië, na Nood-Afrika, na Europa, na Noord-Amerika, na Suid-Amerika, na Afrika, na die Verre Ooste (Korea, China). Maar die Here verwag ook dat ons voortdurend nuwe grense in ons eie midde sal oorsteek: taal, kultuur, klas, ens.
- Petrus en Kornelius het hemelsbreed van mekaar verskil (was totaal anders vir mekaar). Kornelius was ’n welgestelde nie-Jood met ’n militêre agtergrond. Petrus was ’n Joodse visser wat ’n dissipel/prediker geword het. Hy het ’n hele paar Joodse wette verbreek deur Kornelius in sy huis in te nooi (v 28).
- Verse 25-26: Dit het baie hoë eise aan ’n Romein gestel om voor ’n Jood te kniel, terwyl dit vir ’n Jood iets besonders moes gewees het om op hierdie manier deur ’n Romein vereer te word. Petrus beklemtoon egter dat alle mense gelyk voor God is. God alleen moet die eer ontvang – nie gewone mense nie.
- Verse 44-46: Daar is ’n verskil tussen hierdie uitstorting van die Heilige Gees en dié tydens Pinkstersondag. Hier is nie sprake van vuur en wind nie.

Moontlike vrae

- Vir watter een van die volgende groepe mense het jy ’n besondere “sagte plek”: kinders, armes/haweloses, gestremdes, siekes of seniors?
- God het as’t ware die pad voorberei vir ’n ontmoeting tussen Petrus en Kornelius (vgl vv 3-6; vv 9-16).
    - Op watter maniere het God met hulle gepraat?
    - Is God dalk nie besig om met jou te praat nie?
- God maak nie onderskeid nie, maar ons as mense maak dikwels onderskeid (vv 34-35). Watter dinge keer ons om grense van taal, kultuur en klas oor te steek?
- Hoekom was die Jode verbaas oor die uitstorting van die Heilige Gees op nie-Jode (v 46)?
- Bespreek die volgende stelling: “Ons dink nie-Christene is anders (*weird*). Die feit is hulle dink weer ons is anders”
- Hoe kan julle mekaar as groep help om uit te reik na die mense wat anders as julle is?

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 31 Jan 2010)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Watter manier van Bybelstudie werk vir jou? Deel dit met die groep.

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Woord van God woord van die lewe (Lied 255); U het die brood gebreek (Lied 253); Good News (CD no 16); Hemelvader ek aanbid U (CD no 1); In die Hemel is die Heer (CD no 4).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 71:1-6
- Bid veral vir Bybelverspreiding reg oor die wêreld. Bid dat mense die Bybel sal lees en leef.

Sake vir voorbidding:

- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 31 Jan se eredienste (3e Sondag in ons kort reeks oor dissipelskap in 2 Timoteus).

Lees 2 Tim 3:10-4:5: Mense van die Skrif

Agtergrond oor tema Skrifgedeelte

- Die woord "dissipelskap" dui eerstens op "volg" of "navolging". Dit is nie net 'n woord wat in terme van Christus en Christenskap gebruik word nie. 'n Mens kan ook 'n dissipel van 'n enige persoon of van 'n spesifieke lewensfilosofie wees, bv Mahatma Gandhi of selfs Karl Marx. In die Christelike konteks beteken dit eerstens om 'n navolger van Jesus Christus te wees.
- 3:12: Ons moet eerstens verstaan dat Paulus vir Timoteus wou bemoedig, omdat in sy tyd baie Christene vervolg is. Dit was 'n voldwonge feit – 'n Christen het fisies gely vir sy geloof. Ons moet egter ook vandag weet dat dit nie altyd maklik sal wees om 'n dissipel van Christus te wees nie. Ons kan verskillende vorme van lyding verwag: fisies, emosioneel, opoffering, ens. Ons sal deel in Christus se lyding op aarde, maar ook die moed en krag kry om die lyding te deurstaan. (Joh 16:33). In die tyd van die Bybel was daar ook dwaalleraars of valse profete wat voorspel het dat gelowiges geen lyding sou ervaar nie.
- 3:16a: Paulus verwys na die hele Skrif, maar hy het nog nie die Bybel geken soos ons dit vandag ken nie. Daar was slegs die OT en sekere dele van die NT beskikbaar. Vir hom was dit egter die hele skrif wat beskikbaar was. Mense verstaan ook die woorde "deur God geïnspireer" verskillend. Ons moet besef dat God deur sy Gees onvolmaakte mense gebruik het om die Woord in Hebreeus en Grieks neer te skryf en dat God se Gees ook onvolmaakte mense help om die woord te vertaal, te lees en te interpreteer. Die hele proses word in nederigheid en afhanklikheid van die Heilige Gees gedoen. Die Bybel *is* die Woord van God en *word* ook die Woord van God as ons dit uitleef. Die gesag van die Bybel lê nie eerstens by sy woorde nie, maar by God self. Die Bybel is 'n geïnspireerde en inspirerende boek.
- 3:16b-17: Daar is verskillende dinge wat in verse 16-17 genoem word oor die waarde van die Skrif: onderrig ons in die waarheid; help ons om dwaling te bestry; help ons om verkeerde dinge reg te stel. En dan eindig vers 16 en 17 op 'n hoogtepunt. Die doel van die Bybel is nie slegs om ons te help om slimmer te wees en 'n paar dinge oor die Bybel te weet nie. Nee, die doel van die Bybel is om ons te help om 'n regte lewenswyse te kweek sodat ons as dissipels van die Here kan leef. In Engels kan ons praat van *"information and transformation."*

Moontlike vrae

- Sien vraag by (A). Dalk gebruik jy een van die Bybelstudiemetodes wat in die stukke verduidelik word.

- Watter gedagtes kom by jou op as jy die woord "dissipel" hoor?
- Hoe moet ons die woorde van 3:12 verstaan. Beteken dit dat alle dissipels van Jesus vervolg sal word?
- Wat is die doel of groot waarde van die Bybel volgens 3:16-17?
- Bespreek die volgende stelling: "Die doel van die Bybel is nie net informasie nie, maar ook transformasie"
- 2 Tim 4:2 praat van die woord verkondig "tydig en ontydig". Is dit waar?
- Wat sou jy wou hê moet mense aan die einde van die jou leeftyd oor jou sê? (vgl 4:7-8)
- Kan 'n mens 'n dissipel wees as jy nie die Woord van God bestudeer nie?

Bybelstudiemetodes

Drie-vraag metode

- Wat sê die gedeelte oor God?
- Wat sê die gedeelte oor ons as mense?
- Wat wil God hê moet ons nou gaan doen?

Metode ontwikkel deur SAVGG (Suider-Afrikaanse Genootskap vir Gestuurde Gemeentes)

- Evalueer (was daar enige verskil in jou lewe omdat God deur sy Woord met jou verlede week gepraat het)
- Lees die Woord (selfs meer as een keer)
- Wandel in die Woord (hoor wat God deur sy Heilige Gees vir jou persoonlik sê)
- Luister na mekaar (gaan sit by een persoon en vra wat God vir hom/haar gesê het)
- Deel die Woord (deel eerstens met die groep wat jy van die *ander* persoon gehoor het)
- Bid die Woord (bid dit wat julle as groep by God gehoor het)
- Doen die Woord (as God se Woord 'n mens aangespreek het, sal jy dit gaan doen)

Lectio Divina

'n Manier van Bybellees wat eeue gelede in die vroeë kerk ontstaan het en wat ons by die Meditatiewe dienste gebruik. Die volgende vier stappe of bewegings word gewoonlik gevolg aan die hand van die Latynse woorde:

- Lectio (lees): Wat staan in die Skrifgedeelte? Lees dit met ontsag deur.
- Meditatio (mediteer): Wat beteken dit? Dink rustig na oor die betekenis van die Skrifgedeelte vir jouself en God se plan vir jou en die wêreld rondom jou.
- Oratio (gebed): Hoe reageer ek hieroor teenoor God? Vertel in gebed vir die Here wat jy by Hom gehoor het.
- Contemplatio (oordenking): Ontvanklikheid – wag op die Here vir dit wat Hy vir jou wil sê.

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Die Woord wil ons juis oprroep om dit te gaan lewe sodat mense se lewens kan verander.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: 2 Tim 3:16. Dit is 'n lang en moeilike vers, maar dalk kan julle dit in verskillende dele opdeel. Laat elke kind ten minste een deel onthou. Kyk na die Bybel@kinders.co.za vir 'n meer eenvoudige vertaling vir kinders.
- Julle kan met die kinders 'n speletjie speel waar jy vra dat hulle alles presies net soos jy sal doen - dat hulle jou sal volg in alles of na-aap. Verduidelik aan hulle die beginsel van die navolging van Jesus (dit is dissipelskap).
- Moontlike vrae: (1) Wat het Jesus alles op aarde gedoen? (2) Hoe leer ons vir Jesus beter ken? (3) Volg ons vir Jesus of volg ons ander persone wat van Jesus vertel?
- Gee kans vir een volwassene om te deel hoe hy/sy die Bybel lees. Gee ook kans dat 'n ouer deel hoe hulle as familie saam die Bybel lees. Gee vir mekaar praktiese raad oor bv watter Bybel en Bybelstudieboekies gebruik kan word.

ADMINISTRASIE

- Volgende byeenkoms is Di aand 23 Febr om 19:00-20:30 (let wel ½ uur langer) saam met die wyksleiers.
- Die kleingroepleierskursus begin op Maandag 22 Febr en strek oor vier Maandagaande. Nooi asseblief persone wat die gawe het om 'n kleingroep te kan lei. Inskrywings by die kerkkantoor ansone@nghelder.co.za.
- Kermisnaweek (12-14 Mrt): Gemeentebraai op Vry aand 12 Mrt; Kermis op Saterdag 13 Mrt by Southeys's Vines; Boskerk by Mountain Breeze kampterrein op So 14 Mrt om 10:00.
    - Die Kermiskomitee sal weer vir elke groepleier 'n vorm uitdeel vir groeplede wat donasies wil skenk.
    - Daar is 'n kompetisie waar 'n Jurgens XT75 veldwaentjie gewen kan word. Groepe word gevra om te help met die kaartjieverkope (R5).
    - Navrae by Arnold Swart: Tel (021) 859 2580 (w); sel: 082 886 3384; e-pos: arnold.swart@eskom.co.za

VERDERE TOERUSTING

- Ons gesels oor leierskap in kleingroepe:
    - Soos watter leier in die Bybel sal jy graag wil wees? (buiten Jesus)
    - Wat verwag God van 'n kleingroepleier?
    - Bespreek die volgende stelling: "Leierskap begin nie by wat jy doen nie, maar by wie jy is" (vgl Hand 6:3; 1 Tim 3:2-13)
    - 'n Kleingroepleier moet in staat wees om ander leiers in sy/haar groep te kan ontwikkel. Hoe kan 'n mens dit doen?

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 7 Febr 2010)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Is dit vir jou maklik om met 'n vreemdeling te praat?
- Wat is vir jou die moeilikste as jy by vreemde mense kom? (bv by 'n funksie)

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Jesus all for Jesus (CD no 5); Ek weet verseker (Lied 514); Light of the World (CD no 3).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 138
- Bid spesifiek vir die evangelisasieprojekte van ons gemeente: Annalise Wiid; Gespreksgroep; KidsXpress; Kom Saam; Kinderevangelisasie; Projek Goeie Hoop.
- Julle kan in hierdie maand enigeen van die sendelinge of/en projekleiers nooi om met julle groep te kom praat. Dit is altyd beter om vir 'n saak te bid as jy iemand persoonlik ontmoet het of blootgestel is aan die projek.

Sake vir voorbidding:

- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 7 Febr se eredienste. Dit is die eerste So in ons reeks van 6 Sondae met die tema "Christus se hoop oor grense"

<u>Lees Hand 26:1-32 (veral 15-18): God roep ons om 'n lewende verhouding met Christus te hê en gesprekke oor God met ander te voer</u>

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Chris van Wyk skryf die volgende wat ons met die reeks kan help: "Die grootste verskil wat die evangelie maak, lê nie in wat IN mense gebeur nie, maar wat TUSSEN mense gebeur.Verhoudings tussen mense is die plek waar ware gemeenskap gebeur. Dit is ook waar van die Drie-enige God self. Hy is in 'n intieme verhouding met Homself, Vader, Seun en Gees. God vra dit dus nie net van ons nie. Hy is in verhouding met Homself. Om grense oor te steek: kultureel, eties, generasies, etnies, sosiaal, ekonomies, gender en noem maar self verder op, was en sal altyd die lewensbloed van die geloof in Christus bly. Telkens as die invloed van Christus ingekrimp het, bv. in die eerste gemeente van Jerusalem na die eerste vervolging, het daar lewe van die randte gekom, gewoonlik waar 'n kulturele grens oorgesteek is, soos ons bv. lees met die ontstaan van die gemeente in Antiochië, weens die getuienis van onbekende Joodse gelowiges van Ciprus en Griekeland (Hand 11:19-20)."
- Die hele reeks handel oor verskillende grense wat oorgesteek moet word. Die eerste een wat die "grens" oorsteek is God wat sy Seun Jesus Christus van die hemel na die aarde/mensdom gestuur het sodat ons gered kan word.
- Paulus se bekering word op drie plekke in die boek Handelinge beskryf: Hand 9:1-18; 22:6-16; 26:12-18.
- Vers 14b: Die letterlike vertaling van die Grieks is "Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop" (vgl 1933/53 AV). Die beeld verwys na die onwillige os wat nie die ploeg wil trek nie en skop teen die stok met die skerp punt waarmee die boer hom wil aanja.
- Vers 15: Hier word die naam Saul/us gebruik. Die naam Saulus het hy in sy Joodse ouerhuis ontvang. Soos baie van sy volksgenote het hy ter wille van sy Griekse omgewing ook 'n tweede naam van kleins af gehad, naamlik Paulus.
- Vers 16: Paulus word beveel om op te staan, dit wil sê hy moet nie bang wees nie. Hy het die gesig/visioen van die opgestane en verhoogde Christus gesien en daar word ook verwys na toekomstige gesigte wat hy sou sien (vgl 18:9ev; 22:17-21; 23:11; 2 Kor 12:1-4, 7). Paulus moes nie die getuie wees van sy eie ervarings nie, maar van dit wat Christus aan hom bekend gemaak het.

Moontlike vrae

- Dink na oor die woorde van Chris van Wyk: "Die grootste verskil wat die evangelie maak, lê nie in wat IN mense gebeur nie, maar wat TUSSEN mense gebeur."
- Hoekom is dit vir ons so moeilik om grense oor te steek? Dink na oor een van die volgende moontlikhede:
    - Omdat ons veilig voel met die bekende.
    - Omdat ons nie werklik vir God vertrou nie.
    - Omdat ons so in ons ouerhuise geleer word.
    - Omdat ons ongehoorsaam is aan die Woord van God.
- Bespreek die volgende stelling: " 'n Mens kan opreg baie godsdienstig wees en nog steeds 100% verlore wees"
- Die eerste grens wat ons moet oorsteek is die grens tussen my en Jesus. Hoekom is dit vir sommige mense moeilik om Jesus as Verlosser aan te neem?
- Wat beteken dit vir jou om 'n kind van die Here te wees? (vgl v 18)
- Vers 29 vertel iets van Paulus se wens. Is dit ook jou wens?
- Wat kan ons leer uit die bekering van Paulus? Wat kan ons leer by dit wat hy na sy bekering gedoen het?

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Sien A, B en C

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Hand 26:18b: "Deur in My te glo....."
- Een van die groeplede kan vir die kinders vertel hoe hy/sy die Here leer ken het.
- Moontlike vrae: (1) Dink jy alle kinders op aarde gaan hemel toe? (2) Wat het in Paulus se lewe gebeur? (3) As iemand vir jou vandag sou vra - Hoe kom 'n mens in die hemel - wat sou jy antwoord?

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 14 Febr 2010)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Vir watter land of wêrelddeel het jy 'n besondere sagte plek? (bv Afrika, Midde-Ooste, Mosambiek, ens) Dit wil sê as jy die evangelie êrens buite SA moet gaan verkondig, waar sal dit wees?

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Bring aan die volke die boodskap (Lied 486); Light of the World (CD no 3); Good News (CD no 16); Al julle volke (CD no 18).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 99
- Bid spesifiek vir ons buitelandse projekte: Bulgarye; Midde-Ooste; Mosambiek Engels; Mosambiek Evangelisasie; Mosambiek Medies; Mosambiek Geletterdheid; Mosambiek Rentmeesterskap; Sri Lanka.

Sake vir voorbidding:

- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 14 Febr se eredienste (Reeks: Christus se hoop oor grense 2).

Lees Hand 16:1-15: God roep ons oor grense heen na die onbereiktes

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Die volgende statistieke oor godsdienste word deur David Barret (ed) van *World Christian Encyclopedia* gegee: Christendom (2 039 miljoen en 32% van wêreldbevolking); Islam (19%); Hindoeïsme (13%); Boedhisme (6%); Geen godsdiens (12%); Tradisionele godsdienste (3%); Ateïsme (2%); Jodendom (1%).
- Die woord "onbereikte groepe" verwys na taal/kultuurgroepe (nié lande nie) in die wêreld wat nog glad nie met die evangelie van Jesus Christus bereik is nie. Dit wil sê mense wat nog nie eers een keer die evangelie gehoor het nie of waar daar nie eers 'n kerk is nie. Daar is tans 16 352 groepe in die wêreld waarvan 6 650 nog steeds as "onbereik" geklassifiseer word – 2 750 miljoen mense in totaal.
- Net 'n paar opmerkings oor die geografiese detail in Hand 16: Frigië en Galasië is twee streke in Klein-Asië (huidige Turkye); Masedonië is 'n provinsie in huidige Griekeland met Filippi een van sy belangrikste stede; Troas is 'n bekende hawestad in streek Misië (Turkye); Tiatira was belangrike handelstad (vandag Turkye). Dit is hartseer om te besef dat die Turkye vandag 99,8 % Moslem is.
- Vers 3: Timoteus se ma was 'n Jood en sy pa 'n Griek. Hy was dus nie volgens die Jode 'n egte Jood nie en het in dieselfde kategorie as die Samaritane geval. Paulus het hom gevra om "ter wille van die evangelie aan die Jode" homself te laat besny.
- Verse 6-7: Hier word verwys na die Gees wat Paulus twee keer verhinder het om die evangelie te verkondig. Op watter wyse dit gebeur het, weet ons nie. Dit kon gebeur het deur 'n droom of visioen (vgl v 9); óf deur 'n profetiese uitspraak van een van die reisgeselskap (vgl 20:23; 21:4, 11); óf deur praktiese probleme wat dit vir hulle onmoontlik gemaak het.
- Verse 14-15: Lidia was die eerste bekeerling in Europa (al het sy oorspronklik van Tiatira gekom). Dit is ook insiggewend dat sy 'n vrou was. Hierdie teksgedeelte is een van die gedeeltes waar daar sprake is van gesinne wat gedoop is (vgl ook Hand 11:14; 16:31-33; 18:8; 1 Kor 1:16).

Moontlike vrae

- Wat word bedoel met die woord "onbereikte groepe"?
- Hoekom is Christelike kerke so besorg oor die onbereiktes? (vgl Hand 1:8)

- Timoteus het hom laat besny ter wille van die verkondiging van die evangelie aan die Jode (v 3). Is daar iets wat jy al moes doen of opoffer ter wille van die evangelie?
- Hoekom dink jy het die Gees van die Here vir Paulus-hulle verhinder? (vv 6-7)
- In vers 10 word verwys na die oortuiging wat Paulus-hulle beleef het. Op watter maniere oortuig die Heilige Gees ons?
- Hoe sal jy iemand antwoord wat die volgende sê: "Daar is so baie nood hier naby ons. Hoekom moet ons dan so ver uitreik?"
- Nie almal van ons kan sendelinge of projekleiers wees nie. Op watter manier kan ons as gewone lidmate 'n bydrae lewer ten opsigte van die onbereiktes?
- Dink na oor die volgende stelling in die lig van vers 14b: "Ons *getuig*, maar dit is God wat *oortuig*."

(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD

- Sien A, B en C.

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Hand 16:14b "Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak"
- Moontlike vrae: Hoekom moet ons die Jesus boodskap vir mense in ander lande vertel? Waar kan die Here vir jou as kind in die proses gebruik? Jy het al van verskillende sendelinge en projekte gehoor. Watter een onthou jy die beste?
- Dalk kan julle een van ons buitelandse sendelinge of projekleiers nooi om met die kinders te kom praat.

UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 21 Febr 2010)

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)

- Sien eerste vraag C.

(B) AANBIDDING

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: God roep ons om met woord en daad (Lied 524); Bring aan die volke die boodskap (Lied 486); Light of the World (CD no 3); Good News (CD no 16); Al julle volke (CD no 18).

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 91:1-2, 9-16
- Bid vir die volgende plaaslike projekte van ons gemeente: Dienssentrum; Garden Village; Haweloses; Gestremdes; Seniorsorg; Siekesorg; Sir Lowry's Pass.

Sake vir voorbidding:

- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

(C) OPBOU UIT DIE WOORD

Die tema sluit aan by Sondag 21 Febr se eredienste (Reeks: Christus se hoop oor grense 3).

Lees Hand 10:1-48 (veral 34-43): God roep ons na mense wat anders is

Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte

- Handelinge 10 getuig van 'n skuif van die evangelie na heidene, nie-Joodse mense. En dit is insiggewend dat die Here vir Petrus die geestelike leier van die kerk in Jerusalem kies om die eerste treë op hierdie pad te gee.

- Die groei van die Christelike kerk het voortdurend na nuwe "grense" geskuif: vanaf Jerusalem na Klein Asië, na Nood-Afrika, na Europa, na Noord-Amerika, na Suid-Amerika, na Afrika, na die Verre Ooste (Korea, China). Maar die Here verwag ook dat ons voortdurend nuwe grense in ons eie midde sal oorsteek: taal, kultuur, klas, ens.
- Petrus en Kornelius het hemelsbreed van mekaar verskil (was totaal anders vir mekaar). Kornelius was 'n welgestelde nie-Jood met 'n militêre agtergrond. Petrus was 'n Joodse visser wat 'n dissipel/prediker geword het. Hy het 'n hele paar Joodse wette verbreek deur Kornelius in sy huis in te nooi (v 28).
- Verse 25-26: Dit het baie hoë eise aan 'n Romein gestel om voor 'n Jood te kniel, terwyl dit vir 'n Jood iets besonders moes gewees het om op hierdie manier deur 'n Romein vereer te word. Petrus beklemtoon egter dat alle mense gelyk voor God is. God alleen moet die eer ontvang – nie gewone mense nie.
- Verse 44-46: Daar is 'n verskil tussen hierdie uitstorting van die Heilige Gees en dié tydens Pinkstersondag. Hier is nie sprake van vuur en wind nie.

Moontlike vrae

- Vir watter een van die volgende groepe mense het jy 'n besondere "sagte plek": kinders, armes/haweloses, gestremdes, siekes of seniors?
- God het as't ware die pad voorberei vir 'n ontmoeting tussen Petrus en Kornelius (vgl vv 3-6; vv 9-16).
    - Op watter maniere het God met hulle gepraat?
    - Is God dalk nie besig om met jou te praat nie?
- God maak nie onderskeid nie, maar ons as mense maak dikwels onderskeid (vv 34-35). Watter dinge keer ons om grense van taal, kultuur en klas oor te steek?
- Hoekom was die Jode verbaas oor die uitstorting van die Heilige Gees op nie-Jode (v 46)?
- Bespreek die volgende stelling: "Ons dink nie-Christene is anders (*weird*). Die feit is hulle dink weer ons is anders"
- Hoe kan julle mekaar as groep help om uit te reik na die mense wat anders as julle is?

VIR DIE KINDERS EN FAMILIES

Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Hand 10:34b: "Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie"
- Help die kinders om iets van die "grense oorsteek" te verstaan. Bv. laat die jongste kind met die oudste volwassene gaan gesels. Dit sal goed wees as julle vir hulle kan blootstel aan "ander mense": seniors by 'n ouetehuis; haweloses in die dorp; siekes in die hospitaal; gestremdes by Aanhou Wen; ens.
- Moontlike vrae: (1) Wat maak jy as daar 'n gestremde persoon in die straat/Mall stap? (2) Is alle mense ewe belangrik in God se oë? (3) Wat leer ons uit die storie van Petrus en Kornelius (vra dat iemand dit mooi vir hulle vertel)?